# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# GRAAD 11

# VRAESTEL 3

# JUNIE 2022

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye**

**Inligting en instruksies**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke **beplan, redigeer en proeflees**. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 60 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.

(Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman of Ramdhani.)

AFDELING A: OPSTEL

Vraag 1.

- Kies EEN onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1. Dit was nou LEKKER!

1.2. Ek en my beste vriend/vriendin het verlede week 'n misverstand gehad.

1.3. Ek is gelukkigste wanneer ek…

1.4. Die skoolhoof was daardie dag so gaaf teenoor my.

1.5. Die rol wat sport in my lewe speel.

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1.) en die titel van jou opstel neer. Jy moet jou EIE titel gee vir die opstel.


**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband (connection) tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1.



**OF**

1.6.2.




**OF**

1.6.3



(50)

Totaal Afdeling A:50

Afdeling B: Langer Transaksionele Skryfstuk.

Vraag 2.

- Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 120 -150 woorde daaroor.
- Onthou om te beplan, redigeer en proeflees.
- Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan.

**<u>2.1. Vriendskaplike brief.</u>**



'n Goeie vriend/in van jou het onlangs 'n belangrike toets gedruip. Jou vriend/in sukkel met die vak. Daar is drie weke oor voordat die eksamen begin.

Skryf nou 'n vriendskaplike brief aan die persoon waarin jy vir haar/hom probeer moed inpraat (encourage) en ook aanbied om te help voorberei vir die eksamen.

**OF**

**<u>2.2. Formele gesprek</u>**



Jy is 'n joernalis vir die Hillcrest High School skoolkoerant. Jy het 'n onderhoud gevoer met een van die skool se onderwyseresse om meer uit te vind oor haar tyd by die skool. Skryf nou die onderhoud in **DIALOOGVORM** neer.

**<u>OF</u>**

**2.3. Huldeblyk**




Dit is jou ma se vyftigste verjaarsdag. Jou gesin het besluit dat jy die beste persoon is om ‘n huldeblyk by haar partytjie te lewer. Skryf nou die huldeblyk neer.

Totaal vir afdeling B: 30

Afdeling C: Kort Transaksionele Skryfstuk.

Vraag 3

- Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 80- 100 woorde daaroor.
- Onthou om jou beplanning op ՚n skoon bladsy te doen.
- Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan

**3.1. E-pos**

Jy het heeltemal vergeet van ‘n belangrike Wiskunde toets. Jy het nie geleer nie, en het toe baie slegter as gewoonlik gedoen. Jou onderwyser het jou goed uitgetrap. Die goeie verhouding tusssen jou en die onderwyser is vir jou baie belangrik. Stuur nou vir die onderwyser ‘n e-pos om om verskoning te vra en te verduidelik wat gebeur het.

**OF**

**3.2. Dagboekinskrywings.**

Jy het aansoek gedoen om ‘n prefek te wees. Jy het ‘n onderhoud met ‘n paneel onderwsyers en die hoofseun en hoofmeisie van die skool.
Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae hieroor soos volg:

• EEN inskrywing die dag voor jou onderhoud.
• EEN inskrywing die dag na die onderhoud.

**OF**

**3.3. Instruksies**

Jou pa is bekommerd dat jy te veel tyd op jou selfoon deurbring. Hy het instruksies gegee oor wanneer en waar jy jou selfoon mag of nie mag gebruik nie.

Skryf die SEWE INSTRUKSIES neer wat jou pa vir jou gegee het

Totaal vir afdeling C: 20

**Groottotaal:100**